

1 Februarie

Skrifgedeelte: Genesis 10:1-11:9 (OAV)

Fokusgedeelte: Genesis 11:1-9

Stadbou

Na die sondvloed herhaal die Here die opdrag wat Hy aan Adam en Eva gegee het: "*Wees vrugbaar, vermeerder en vul die aarde*" (Gen 9:1 OAV). Maar die mense wou dit nie doen nie, want verspreid-wees beteken immers klein-wees, swak-wees, afhanklik wees van God. Die mense by Sinear het nie daarvoor kans gesien nie. Daarom bou hulle 'n stad met 'n toring wat tot aan die hemel reik om vir hulle naam te maak. Hulle wil groot en magtig wees selfs al beteken dit dat hulle ongehoorsaam aan die opdrag van die Here is. Dat mense groot en magtig word, is vir God geen bedreiging nie. Selfs 'n stad waar mense saam woon, het 'n plek in sy raadsplan. Maar dan moet alles in sy diens staan en tot sy eer gedoen word. Die mense by Sinear het die toring en stad gebou om daardeur hulle eie eer te dien en God na die kroon te steek. Daarom maak Hy die mense klein om hulle afhanklikheid van Hom te besef en te beleef.

Sing: Skrifberyming 45:1

Ds AP Krüger (Postmasburg)